# 510 Wie kan die wonder ooit deurgrond?




Al kan ek nie die Heer se raad
op aarde ooit verstaan nie -
sou ek deur hierdie liefdesdaad
my weg nie juigend gaan nie?

Ek is my Heer se eiendom,
ek sal die lewe erwe;
dit is my krag totdat Hy kom,
my troos ook in my sterwe.

Hy gee aan ons sy Gees as pand
van liefde en genade;
Hy vorm ons deur sy Vaderhand
vir Godgewilde dade.

Ek weet dat ek eens op sal staan
en saam met Jesus lewe;
Gods kind sal na die hemel gaan,
uiteindelik na sy strewe.

Christian Fürchtegott (1715-69) Boheme (1595) / M. Praetorius ((1610)